Publication: Beeld
Date: 09 Feb 2017
Page: 15

Speelhond help angstige, gesiggestremde kinders

Shantel Moses

'n Sagte speelgoedhondjie met 'n halsband met agt gelukbringertjies om die nek kan die antwoord wees vir gesiggestremde kinders wat worstel met angs.

Dr. Lisa Visagie, 'n gesiggestremde wat onlangs haar doktorsgraad in sielkunde aan die Universiteit Stellenbosch (US) behaal het, het 'n spesifieke angs-intervensieprogram vir gesiggestremde kinders ontwikkel.

52 leerlinge van nege tot 13 jaar oud van twee Wes-Kaapse skole vir gesiggestremde kinders het aan die program deelgeneem.

Angs is die algemeenste sielkundige probleem onder jong mense wêreldwyd. Gemiddeld 12% van skoolgaande kinders ondervind simptome van angs.

Blinde of swaksiende kinders is geneig om meer sielkundige probleme, insluitend angs, te ontwikkel as ander kinders.

"Daarom is dit belangrik om dié kinders met die nodige vaardighede en strategieë toe te rus om gevoelens van angs te hanteer wanneer dit ontstaan. Dit kan die begin wees om volslae angsversteurings te voorkom," sê Visagie.

Elke deelnemer het 'n sagte speelgoedhondjie, Pam (vir Positive and Motivated), ontvang. Dit was ook die naam van Visagie se eerste gidshond. Pam dra 'n halsband met agt gelukbringertjies wat die kinders herinner aan die stappe en vaardighede wat hulle in die tien sessies van die program geleer het.

Sy het die metafoor van 'n gidshond gekies omdat dit bekend sou wees vir kinders met gesiggestremdheid, sê Visagie.

Sy sê kinders is praktiese vaardighede geleer om hulle te help om hul gevoelens te identifiseer. "Hulle is ook geleer om te ontspan en om nuttelose gedagtes deur nuttiger gedagtes te vervang. Hulle het ook geleer hoe om die daaglikse probleme en uitdagings wat hulle ervaar, te oorkom."

Volgens Visagie toon die resultate dat die Pam-program belofte inhou om te verhoed dat angssimptome by gesiggestremde kinders ontstaan.

"Die program kan ook nuttig wees vir kinders wat ongeletterd is of diegene met leerprobleme, aangesien daar nie enige leesmateriaal is nie."

Lisa Visagie met haar gidshond, Bagheera. Foto: STEFAN ELS

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission